HOËRSKOOL BERGVLIET

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 9

TAAK 10

TOTAAL: 70 **NOVEMBER 2024** **TYD: 1 UUR 30 MINUTE**

EKSAMINATRISE: B. JACOBS **MODERATOR: VAKSPAN**

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP (40)

   AFDELING B: OPSOMMING (10)

   AFDELING C: TAAL (20)
3. Trek ‘n streep na elke afdeling.
4. Nommer die antwoorde presies soos die vrae genommer is.
5. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Voorspoed!

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees die volgende tydskrifartikel en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

Koninginne van skarrel: mense se vullis hou die pot aan die kook.





1 *Kuier* praat met vier vroue van Eersterivier in Kaapstad wat aan die werk by hul pakhuis is – 'n afdak wat van hoek tot kant bepak is met rommel. Hulle werk sonder ophou om leë plastiekkannetjies in reuse-vullissakke te gooi.

2 Hierdie besigheid sonder naam – noem hulle "skarrelwerk".

3 Hulle is die stille skimfigure wat vroeg soggens in dromme krap, op soek na hul pot goud.

4 Lucille sê sy wil betyds wees om te gaan skarrel, want hulle moet die dromme kry voor die vullislorries begin optel. Baie van die mense in die areas waar ons werk, ken ons al by die gesig en naam.

5 Die herwinningssentrum maak eenuur toe. En hierdie werk is soos enige ander – 'n eerlike werk, en beslis niks om oor skaam te wees nie. Dit sorg vir hulle kinders en vullis of afvalverwyderaars spaar die munisipaliteite honderde miljoene rande. En hulle help met herwinning.

6 Dit was deur my vriend wat ek begin herwin het. Hy't gesê ons kan mos die klomp vullis bymekaarmaak en dit verkoop.

7 Sy was eers skaam vir dié werk. "Ek wou eers nie hier in ons area skarrel nie, erken Heraldine. Ek het besef– hier is werk." Van daardie tyd af loop sy en ander vroue Eersterivier plat agter plastiek, papier en margarine-bakkies aan.

8 Daar is baie mense wat nie hou van ons wat so in die dromme krap nie, maar daar is ook baie wat hulle plastiek eenkant sit omdat hulle weet ons kom dit optel, en van die mense los selfs vir ons kospakkies.

9 Dié werk bring geld in. Ek doen die herwinning al vier jaar lank. Dis my werk van Januarie tot Junie elke jaar. Wanneer die werkseisoen in Julie op die plaas begin, dan gaan ek soontoe.

10 Elkeen het ook sy eie pligte. Ons almal skarrel en doen sorteerwerk. Maar ons sit alles saam, en dan deel ons ook die inkomste. Dit hou die potte aan die kook.

11 Hulle wil nie reguit sê wat hulle elke dag verdien nie, maar as 'n mens na die vragte rommel kyk, kan dit enigiets van R300 af en meer per vrou wees (sowat 10 kg elk) – "genoeg vir krag en kos", erken hulle.

12 Plastiek verkoop teen R3 per kilogram, papier teen R1,80. Dis hul voorkeur-items om te herwin. Dis lig, maklik vervoerbaar en veilig om mee te werk, sê Heraldine.

13 Hulle kry van álles in die vullis soos selfone wat nog werk tot ringe, baie silwer- en goue goed.

14 "Daar is baie kinders hier, en gebreekte glas is baie gevaarlik," sê sy. "Dit is belangrik om hulle veilig te hou."

15 Dié vroue se harde werk is net weer eens 'n bewys dat jy iets uit niks kan maak. Dis soos Heraldine sê: "Daar is altyd lig aan die einde van die tonnel."

[464 woorde - Netwerk24]

1.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies wat by die opskrif van die artikel pas.

Die pot aan die kook hou beteken (**om te hou van kook** / **om 'n bestaan te kan maak**.) (1)

1.2 In watter stad woon die vroue? (1)

1.3.1 Haal **EEN** woord aan in paragraaf 1 wat sê waar die vroue hulle rommel stoor. (1)

1.3.2 Waarin gooi hulle hul rommel wat hulle in die plek in 1.3.1 stoor? (1)

1.4 Watter naam gee hulle vir hulle werk? (1)

1.5 Waarmee word die vroue in paragraaf 3 vergelyk? Haal **EEN** woord aan as antwoord. (1)

1.6 Het die onderstaande woorde 'n **LETTERLIKE** of **FIGUURLIKE** betekenis?

Hulle is op soek na hulle pot goud. (1)

1.7 Verduidelik in jou eie woorde waarna hulle op soek is? (1)

1.8 Lees paragraaf 4. Waarom moet hulle so vroeg in die oggend begin "skarrel"? (1)

1.9 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. Gee 'n rede vir jou antwoord.

Die vroue is onbekend aan die mense in hulle woongebied. (1)

1.10 Hoe, weet jy, dat die herwinningssentrum nie heeldag oop is nie? (1)

1.11 Paragraaf 2:
Hierdie besigheid sonder naam – noem hulle "skarrelwerk".

1.11.1 Wat het skarrelwerk met ander werke in gemeen? (1)

1.11.2 Noem **EEN** voordeel van die vroue se werk vir die omgewing. (1)

1.12 Sê of die volgende stelling 'n **MENING** of 'n **FEIT** is.

Die vroue se werk spaar die munisipaliteit honderde miljoen rande. (1)

1.13 Wie het een van die vroue aangeraai om te begin skarrel? (1)

1.14.1 Waarom wou Heraldine nie eers in haar area skarrel nie? Haal **EEN** woord aan as antwoord in paragraaf 7. (1)

1.14.2 Wat het sy besef toe sy begin skarrel? Haal **DRIE OPEENVOLGENDE** woorde aan as antwoord in paragraaf 7. (1)

1.15 Noem **EEN** item wat die vroue kollekteer. (1)

1.16 Gee 'n voorbeeld hoe die mense van die vroue se area hulle help in paragraaf 8. (1)

1.17.1 Lees paragraaf 9. Vir hoeveel maande skarrel die vrou in hierdie paragraaf? (1)

1.17.2 Waar gaan sy vir die res van die jaar werk? (1)

1.18 Sou jy sê dat hierdie vroue goed saamwerk? Antwoord Ja of Nee.
Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.19 Wat koop die vroue met hulle geld? (2)

1.20 Hoe voel jy daaroor wanneer jy die koninginne van skarrel in jou omgewing sien? (1)


[25]

VISUELE GELETTERDHEID

GRAFIEK

Die vrae wat volg is op die grafiek hieronder gebaseer.

TEKS B



1.21	Wanneer gebruik vroue die meeste internet?	(1)
1.22	Waar gebruik mans die meeste internet?	(1)
1.23	Noem **EEN** rede, volgens jou, waarom mans die meeste internet by hierdie plek in 1.22 gebruik.	(1)
1.24.1	Wat is die gerieflikste toestel om vir sosiale media te gebruik?	(1)
1.24.2	Gee ’n rede vir jou antwoord vir 1.24.2	(1)
1.25	Wat is die persentasie mense wat met vriende en familie op sosiale netwerke gesels?	(1)
1.26	Noem **TWEE** toestelle wat slegs by die huis gebruik kan word vir sosiale media.	(2)
1.27	Verduidelik in jou eie woorde waarom die persentasie wat na die nuus op sosiale media kyk/lees so hoog is?	(1)
1.28	Watter persentasie mense het geen stokperdjies nie.	(1)
1.29	Hoeveel persent van die mense wil in die mode bly?	(1)
1.30.1	Watter geslag is die meeste by die huis tussen mans en vroue?	(1)
1.30.2	Gee ’n rede vir jou antwoord in 1.30.1.	(1)
1.31	Vir wie teiken hierdie grafiek?	(1)
1.32	Dink jy, dat jy te veel tyd op sosiale media spandeer? Antwoord Ja of Nee en gee ‘n rede vir jou antwoord.	(1)

[15]

AFDELING A TOTAAL: 40



AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: Laat jou kos só langer vars bly.

INSTRUKSIES:

- Skryf **SEWE (7) WENKE** neer oor hoe jy jou klere langer en vars kan hou.
- Skryf elke **WENK** in ‘n volsin neer.
- Nommer die sinne van **1 tot 7**.
- Laat ‘n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
- Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C

Beskadig jy gereeld jou klere in die was? Maak só om dit langer én vars te hou.

1. Algemene foute kan veroorsaak dat jou klere beskadig word in die was. Hier’s wenke wat kan help dat jou klere langer nuut bly en vars ruik.
2. Hoe meer jy jou wasgoed sorteer, hoe minder beskadig dit. Verdeel dit in hopies met ligte en donker kleure.
3. Maak seker baadjies en langbroeke is toegerits. Los ritssluiters kan aan delikate klere vashaak. Knope moet jy egter oop los, want die knope kan die knoopsgate beskadig
4. Die oplossing om vlekke te verwyder is nie om dit hard met wasmiddel te skrop nie. Dit kan die vlek laat versprei. Vryf die wasmiddel liggies van buite na binne aan die vlek. Maak seker die vlek is verwyder voor jy die kledingstuk in ’n tuimeldroër sit.
5. As jy bekommerd is dat die kleur van jou nuwe rooi hemp sal uitkom en jou ander klere vlek, is daar ’n maklike toets: Maak ’n weggesteekte plek op die kledingstuk klam en klad dit met ’n wit lap om te sien of die kleursel vloei. As dit doen, was die item afsonderlik tot dit ophou vloei.
6. Was altyd jou oefenklere in koue water en met minder wasmiddel, want sterk seep kan die delikate materiaal beskadig.
7. Om van die sweterige reuk ontslae te raak, week klere vooraf vir 15-30 minute in ’n mengsel van vier dele water en een deel asyn.
8. Bleikmiddel werk die doeltreffendste wanneer dit met warm water gemeng word. Kies die warm verstelling op die wasmasjien vir die beste resultate vir jou wit goed.

[269 woorde - Netwerk24]

AFDELING B TOTAAL: 10

AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE

Die taalvrae wat volg is op die prent hieronder gebaseer.

TEKS D



3.1 Skryf die **GETAL** in hakies in woorde uit.

Die koeldrank was (**40**) rand in totaal. (1)

3.2 Gee die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies.

My familie het vyf (**tafel**) by die restaurant bespreek. (1)

3.3 Gebruik die **HOMONIEM** tussen hakies in ’n volsin sodat dit ‘n ander betekenis het.

My ma het so vinnig geloop, sy het (**oor**) die tafel geval. (1)

3.4 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen hakies.

My suster het ‘n (**nuwe)** rokkie gekry om na die restaurant toe te dra. (1)

3.5 Gee ’n **SINONIEM** vir die woord tussen hakies.

Hy was so (**gelukkig**) toe hy sy bord kos kry. (1)

3.6 Gee die **ANTONIEM** vir die woord tussen hakies.

Hulle moes (**vinnig**) my kos bring omdat ek so honger was. (1)

3.7 Vorm ’n **SAMESTELLING** met die woorde tussen hakies.

Die kelner het per ongeluk koeldrank op die (**tafel + doek**) gemors. (1)

3.8 Verdeel die woord tussen hakies in **LETTERGREPE**.

Ek moet die (**kombuiskas**) reg pak wanneer ons by die huis kom. (1)

3.9 Skryf die volgende sinne oor in die korrekte **WOORDORDE**. Begin soos aangedui.

3.9.1 (vinnig) (het) (gisteraand) (gemaak) (vir ons ‘n heerlike dis) (die sjef).

Begin so: Die sjef … (1)

3.9.2 (vandag) (die sjef) (het) (‘n smaaklike ete) (voorberei) (vir my familie) (in die kombuis).

Begin so: Vandag … (1)

[10]

VRAAG 4: PRENT

Bestudeer die prent en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E



Op jou merke, gereed . . . Sweet!
’n Mens het nie ’n gim of duur oefenmasjiene nodig om fiks en gesond te bly nie. Isma-eel (24), ’n persoonlike afrigter van Kaapstad, deel gereeld op sy TikTok-profiel, @sycefit, maklike oefenvideo’s wat jy sommer tjoeftjaf by die huis kan doen.

4.1 Gee die **VERKLEINING** vir die woord tussen hakies.

Die (**kop**) is so klein waaruit Ashleigh drink. (1)

4.2 Skryf die onderstaande sin in die **VERLEDE TYD**.

Ntsako is baie opgewonde om die oefeninge op Tik Tok te doen. (1)

4.3 Skryf die onderstaande sin in die **INDIREKTE REDE**.

Benjamin sê: “Ek gaan Maandag gimnasium toe.” (1)

4.4 Skryf die onderstaande sin in die **ONTKENNENDE VORM**.

Sit neer jou selfoon! (1)

4.5 Beantwoord die onderstaande sin in die **ONTKENNENDE VORM**.

Hou jy daarvan om gesond te eet?

Begin so: Nee, ... (1)

4.6 Sê of die volgende ‘n **STELSIN**, **VRAAGSIN** of **BEVELSIN** is.

4.6.1 Ek speel elke Maandag tot Woensdag tennis. (1)

4.6.2 Doen elke dag jou oefeninge vir beter gesondheid! (1)

4.7 Verbind die onderstaande sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

Matthew wil gesond eet en gereeld oefen. Hy wil gewig verloor. (want) (1)

4.8 Kies die korrekte **HOMOFOON** tussen hakies.

Elke oggend oefen ek en my vriende (**hart / hard**), want dit is goed vir die lyf. (1)

4.9 Gee die korrekte vorm van die swak verlede **DEELWOORD** tussen hakies.

My ma (**kook**) vir ons gesonde kos. (1)

[10]

AFDELING C TOTAAL: 20

GROOTTOTAAL: 70